Downloaded from www.mycourses.co.za

higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# BESTUUR: BOERDERY N5

(4090555)

**27 Mei 2021 (X-vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.**

088Q1J2127

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za


# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
BESTUUR: BOERDERY N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Gebruik slegs ʼn swart of blou pen.

5. Skryf netjies en leesbaar.

---

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.mycourses.co.za


## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 ŉ Lidmaatskap wat tussen twee en twintig natuurlike persone wissel, is ŉ …

A alleeneienaarskap.
B vennootskap.
C beslote korporasie.
D trust.

1.1.2 In ŉ … bevat die statute die reëls en regulasies vir die bestuur van die onderneming.

A beslote korporasie
B maatskappy
C trust
D koöperasie

1.1.3 Wanneer ŉ trust insolvent verklaar word, het … die voordeel van beperkte aanspreeklikheid.

A slegs die trustees en die stigter
B slegs die stigter en die begunstigdes
C die begunstigdes, trustees en stigter
D slegs die trustees

1.1.4 In ŉ … bestaan die stigtingsdokument van die onderneming uit ŉ stigtingsverklaring en ŉ opsionele samewerkingsooreenkoms.

A maatskappy
B beslote korporasie
C trust
D vennootskap

1.1.5 Watter EEN van die volgende stellings is korrek?

A ŉ Beslote korporasie mag in sekere omstandighede sy lede se belange koop.
B ŉ Beslote korporasie mag nie aandele in ŉ maatskappy bekom nie.
C ŉ Maatskappy mag ŉ lid se belange in ŉ beslote korporasie bekom.
D ŉ Beslote korporasie het geen regspersoonlikheid nie.

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


1.1.6 Alhoewel ŉ … geen regspersoonlikheid het nie, is slegs afsonderlike bates aan bankrotskap blootgestel.

A alleeneienaarskap
B vennootskap
C beslote korporasie
D maatskappy

1.1.7 Die eienaar van ŉ … het onbeperkte aanspreeklikheid vir skuld.

A vennootskap
B beslote korporasie
C alleeneienaar
D maatskappy

1.1.8 Die … is die basiese dokument wanneer ŉ beslote korporasie gestig word.

A samewerkingsooreenkoms
B stigtingsdokument
C akte van oprigting
D statute

1.1.9 Die lede van ŉ beslote korporasie wissel tussen … natuurlike persone.

A 2 en 20
B 1 en 50
C 1 en 10
D 2 en 30

1.1.10 Lede van ŉ … is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir skuld.

A trust
B maatskappy
C alleeneienaar
D vennootskap

(10 × 1) (10)

1.2 Vennootskappe is een van die oudste vorme van eienaarskap, waar elke vennoot iets tot die onderneming bydra.

1.2.1 Hoekom dra elke vennoot iets tot die vennootskap by? (2)

1.2.2 Noem DRIE unieke vereistes wat vennootskappe van ander vorme van eienaarskap ingevolge gemene reg onderskei. (3 × 2) (6)

1.2.3 Noem VIER situasies waarin ŉ vennootskap ontbind kan word. (4)

1.2.4 Noem VYF voordele van ŉ vennootskap. (5)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


1.3 Die volgende vrae is op maatskappye van toepassing:

1.3.1 Noem TWEE dokumente wat vir die stigting van 'n maatskappy vereis word. (2)

1.3.2 Noem TWEE soorte maatskappye ingevolge die Maatskappyewet. (2)

1.3.3 Noem VYF voordele van maatskappye. (5)

1.3.4 Verduidelik kortliks hoe maatskappye belas word. (4)
**[40]**

**VRAAG 2**

2.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1.1 Ekonomiese innovasie verwys na die WAT van entrepreneurskap.

2.1.2 Die woord *entrepreneur* word vrylik in die sakesektor gebruik om 'n klein sakepersoon of klein onderneming te beskryf.

2.1.3 Die stigting van 'n organisasie verwys na die WAT van entrepreneurskap.

2.1.4 Sosiale bedreigings soos werkloosheid en finansiële onstabiliteit kan doeltreffend deur entrepreneurskap aangepak word.

2.1.5 Winsbejag in die marksektor is een van die dimensies van entrepreneurskap.
(5 × 1) (5)

2.2 Noem en beskryf kortliks VIER redes waarop entrepreneurskap belangrik is in die landbousektor. (4 × 3) (12)

2.3 Noem en verduidelik VYF funksies van die entrepreneur in die produksieproses. (5 × 3) (15)

2.4 Noem VIER stappe wat belangrik is in die bevordering en ontwikkeling van entrepreneurskap. (4 × 2) (8)
**[40]**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


## VRAAG 3

3.1 ŉ Boerderystrategie behels ŉ fokus op die ontwikkeling van ŉ breë langtermynplan om die missie van die boerderyonderneming te verwesenlik.

3.1.1 Noem VYF algemene kenmerke van ŉ strategiese plan. (5)

3.1.2 Bespreek die voordele van strategiese beplanning. (4)

3.1.3 Noem DRIE behoeftes wat deur die boer in die strategiese beplanningsproses in ag geneem moet word. (3)

3.1.4 Beskryf kortliks hoekom ŉ omgewingsontleding belangrik is wanneer ŉ strategiese plan opgestel word. (4 × 2) (8)

3.2 Grond word beskou as een van die produksiefaktore en die hoofdoelstelling van ŉ boerderyonderneming is dus om wins te maak. Dit is belangrik dat die regte soort gewasse of lewende hawe gekies word wat by die beskikbare grond sal kan aanpas.

3.2.1 Noem VYF faktore wat die winsgewendheid van gewasverdeling bepaal. (5)

3.2.2 Noem VYF faktore wat deur die boer beheer word en wat ŉ invloed op die gewas-oes het. (5)

3.3 Die besluit om ŉ gebou of geboue op te rig, is net so belangrik soos wanneer ŉ boer besluit om ŉ trekker of ŉ ander voertuig aan te koop.

3.3.1 Noem VYF voordele van ŉ nuwe gebou.

3.3.2 Watter nadele kan ondervind word wanneer die boer self ŉ nuwe gebou aanbou?

(2 × 5) (10)
**[40]**

## VRAAG 4

4.1 Beskryf kortliks die stappe wat in die bereddderingsproses van die boedel van ŉ oorledene gevolg moet word. (10 × 2) (20)

4.2 Noem AGT riglyne vir die opstel van ŉ praktiese en doeltreffende testament. (8)

4.3 Die volgende vrae is op ŉ trust van toepassing:

4.3.1 Noem VYF redes vir die gebruik van ŉ testamentêre trust. (5)

4.3.2 Noem VYF persone wat as administrateurs van ŉ trust kan optree. (5)

4.3.3 Definieer die term *trust.* (2)
**[40]**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


## VRAAG 5

5.1 Onderskei tussen *korttermynversekering* en *langtermynversekering*. (10)

5.2 Beskryf die volgende beginsels van versekering kortliks:

5.2.1 Vergoeding

5.2.2 Sekuriteit

(2 × 5) (10)

5.3 Verduidelik aftree-annuïteite soos algemeen deur boere gebruik word. (5 × 2) (10)

5.4 Beskryf *gewasversekering* kortliks. (5 × 2) (10)

**[40]**

**TOTAAL: 200**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou